# NAMPO ALFA

GIDS 2025
GUIDE

LIVESTOCK, HUNTING & OUTDOOR


SA Graan Grain

## LIVESTOCK, *Hunting* & OUTDOOR




**16 - 18 Okt/Oct 2025**

**NAMPO PARK | Bothaville**


FOCUSED ON THE
PILLARS OF
PROFITABILITY &
SUSTAINABILITY
FOR GRAIN PRODUCERS
Optimising Farm Production • Creating New Markets & Opportunities • Transformed & Inclusive Food Systems
Stewarding for the FUTURE...
WE are...
BECAUSE OF YOU
GSA
GRAIN | GRAAN
grainsa.co.za



NAMPO ALFA
LIVESTOCK, HUNTING & OUTDOOR


**EIENAAR/UITGEWER**
GRAAN SA
POSBUS 74087
LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
*www.grainsa.co.za*
ISSN 1814-1676

**REDAKSIE**
Dr Dirk Strydom
BESTURENDE DIREKTEUR: NAMPO (PTY) LTD
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: *dirks@grainsa.co.za*

REDAKTEUR: Rentia Mynhardt
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 771 7566
E-pos: *rentia@infoworks.biz*

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: *johan@infoworks.biz*

**MEDEWERKERS**
Valerie Cilliers

**PUBLISERINGSPAN**
Elizma Myburgh, Lani Viljoen
en Marisa van Heerden (bladuitleg)

**ADVERTENSIEVERKOPE**
**KOLBE MEDIA** – Kaapstad
Jurgen van Onselen – advertensiekoördineerder
Tel: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: *jurgen@kolbemedia.co.za*

**SCHMILTZ MARKETING** – Johannesburg
Ruth Schultz – advertensiekonsultant
Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243
E-pos: *ruth@schmiltz.co.za*





***sagrainmag.co.za***

# IN DIE VISIER



**Rentia Mynhardt, redakteur/*editor***



Wanneer dit tyd is vir NAMPO ALFA, weet jy die jaar se uurglas is besig om vinnig leeg te loop. Laat dit vir ons 'n teken wees om nog so vir oulaas uit hierdie jaar te haal wat ons kan!

Druk dus jou voertuig se neus in Bothaville se rigting vanaf 16 tot 18 Oktober en kom kyk wat NAMPO ALFA jou hierdie jaar bied. Daar is beslis heelwat opwindende aktiwiteite vir oud en jonk. Jy sal boonop 'n hele paar items op jou Kersfees-wenslysie kan byvoeg nadat jy deur die sale gestap het.

Te midde van die huidige uitdagings rakende bek-en-klouseer wat vele produsente in die land raak, het die organiseerders van die ekspo al die nodige protokolle in plek gestel om deelnemers tot die beste van hulle vermoë te beskerm. Ons sien steeds daarna uit om pragtige diere te besigtig en uit te vind wie as vanjaar se kampioene gekroon word.

Die skou spog vanjaar met nasionale kampioenskappe waar eienaars die produk van hulle harde werk ten toon kan stel. Die Nasionale Interraskampioenskap is die kersie op die NAMPO ALFA-koek waar wenners by die ALFA-dinee op Vrydag 17 Oktober aangekondig sal word. Op die vee-agenda sal die Lamb Champs-kampioenskap en die jongspan se Farm Skills-kompetisie vir nog hoogtepunte sorg.

Behalwe vir die vee-afdeling is daar ook opwindende aktiwiteite vir die hele gesin, van *mini airsoft* vir die kinders tot skyfskiet en kleiduifskiet vir pa en ma. Skattejag, visvang-toutrek, 4x4-demonstrasies en die Agri Skills-kompetisie is nog bedrywighede waarna jy kan uitsien. Daar is van koffie en roomys tot wildsvleis en panini – jy sal wel iets kry wat in jou smaak val. Ondersteun ook gerus Hoërskool Bothaville se Oktoberfees. Vind alle inligting hieroor binne-in hierdie NAMPO ALFA-gids - soortgelyk aan die NAMPO-gids wat *SA Graan/Grain* jaarliks voor die NAMPO Oesdag en NAMPO Kaap uitgee.

Bespreek jou plek by een van die twee kampterreine (lees meer hieroor op bladsy 10) en maak van NAMPO ALFA 'n lekker gesinsuitstappie. Laai solank die NAMPO-app af waar jy sommer ook jou toegangskaartjies op *openticket.co.za* kan bespreek. Teen slegs R70 toegang per volwassene kan jy die hele gesin bring.

Sien jou by NAMPO ALFA!

Mooi loop

Rentia



4




7




11

# NAMPO ALFA
## *in 'n neutedop*

### Waar en wanneer

- **Wanneer:** Donderdag 16 Oktober tot Saterdag 18 Oktober
- **Hektye:** Donderdag en Vrydag, 08:00 tot 17:00; Saterdag, 08:00 tot 15:00
- **Waar:** NAMPO Park
- **GPS-koördinate:** 27°14'0.52"S en 26°39'53.24"E
- **Kaartjies:** *www.opentickets.co.za* of op die NAMPO-app of by die toegangshekke
- **Toegangsgeld:** Toegang is R70 per persoon (volwassenes en skoliere). Voorskoolse kinders is gratis.

### Roetes aanbeveel

- N12 Potchefstroom → Klerksdorp → R30 Bothaville/NAMPO Park
- R727 Kroonstad → Bothaville. Gebruik R76 en draai links na Bothaville op R727
- Parys R59 → Viljoenskroon → Bothaville. Draai regs by T-aansluiting op R30 Orkney/NAMPO Park
- R504 van Wolmaransstad na Bothaville, draai links by kruising op R30 na Orkney/NAMPO Park

### Lugverkeer

- **Radiofrekwensie:** 124,8 MHz
- **Landingstrook:**
  - Lengte: 1 200 m 28/10
  - Wydte: 20 m + 20 m skoon aan beide kante
  - Hoogte: ± 4 500 voet bo seevlak
  - Links sirkelvlug
  - Kraglyne aan die ooste- en westekant
  - Die landingstrook is nie geregistreer nie en word op eie risiko gebruik.

### Ander inligting

- **Algemene navrae:** Graan SA-kantoor: +27 86 004 7246
  E-pos: *luzelle@grainsa.co.za*
  *carmen@grainsa.co.za* ●

# INHOUD
# CONTENTS


3 Use the NAMPO app as your compass

4 Vee pronk steeds op hoofpawiljoen by ekspo ondanks uitdagings

6 Kom toets of die wiele régtig kan vasvat

7 Van skattejag tot visvang – aktiwiteite vir die hele gesin

8 Dié skietprogram is in die kol

9 'n Diens wat goud werd is

10 Nou gaan ons kamp

11 'n Fees van produkte by dié uitstalsale

12 Terreinkaart van NAMPO ALFA




NAMPO ALFA
LIVESTOCK, HUNTING & OUTDOOR

# USE THE NAMPO APP AS YOUR COMPASS

Rentia Mynhardt, *SA Graan/Grain* editor

With smarter navigation and a simpler experience, the NAMPO app is better than ever. Download it from Google Play Store or Apple's App Store.




**Why download the app?**

- Browse exhibitors, view their locations and navigate directly to any stand
- Plan your route through the park with ease
- Bookmark your must-see events
- Set reminders
- Explore the grounds in 3D
- Watch relevant videos
- Use the QR code scanner to save information from exhibitors
- Buy your NAMPO tickets and gain access easily
- See what food is available

Developed by FarmSpace, the NAMPO app is exactly what it says – an app to use at NAMPO, which means it can be used at the NAMPO Harvest Day, NAMPO Cape and NAMPO ALFA.

Download or update your personal compass now!





# Vee pronk steeds op hoofpawiljoen by ekspo ONDANKS UITDAGINGS

Rentia Mynhardt, *SA Graan/Grain*-redakteur

## BIOSEKURITEIT

NAMPO ALFA is sinoniem met vee, wat die oë met rede laat rek as dit by die huidige uitdagings betreffende bek-en-klouseer kom. Hierdie uitdagings word in 'n baie ernstige lig gesien en die protokolle sal soos elke jaar onder leiding van Lizette Vermaak in plek wees.

"Biosekuriteit is soos 'n veiligheidsgordel: Dit is nie 'n waarborg teen risiko's nie, maar dit verlaag wel die risiko," het Albert Loubser, organiseerder: Lewende Hawe vir NAMPO ALFA, verduidelik. "Dit bly elke uitstaller of deelnemer se verantwoordelikheid om potensiële risiko's te bestuur."

Tydens die geleentheid sal die nodige toegangsbeheer en ontsmettingstasies in plek gestel word terwyl direkte kontak tussen mens en dier sover moontlik beperk sal word. "Die NAMPO ALFA-komitee sal deurgaans alles binne hul vermoë doen om te sorg dat alle deelnemers beskerm is," het Loubser die versekering gegee.

### Die protokol wat tydens NAMPO ALFA gevolg sal word

- Diere wat na die skou geneem word, moet geïdentifiseer word.
- Diere moet ten minste vier dae voordat die plaas verlaat word deur die kuddeveearts geïnspekteer en vry verklaar word van TB, brusellose/BM, ander geslagsoordraagbare siektes asook bek-en-klouseer.



**Die NAMPO ALFA-komitee sal streng by die protokol hou om biosekuriteit te verseker.**



- Diere moet vir 28 dae op die plaas van herkoms in kwarantyn geobserveer word vir enige simptome met betrekking tot veral bek-en-klouseer.
- Diere moet behandel word, verkieslik een week voor vertrek na die skou, en vry wees van uitwendige en inwendige parasiete.
- Alle veeartsenysertifikate, elektronies of harde kopie, sal vooraf aan die betrokke genootskapskantoor voorsien word en moet by ontvangs van diere op die skouterrein ingedien word.
- Met vertrek vanaf die plaas van herkoms sal daar 'n *pin drop* aan die betrokke skoukomiteelid verantwoordelik vir biosekuriteit gestuur word.
- 'n Aankomsdatum en -tyd by die skou sal vooraf gekommunikeer en bespreek word aangesien 'n veearts inspeksie sal doen voordat die diere afgelaai kan word.
- By aankoms sal die diere in 'n houkraal deur 'n veearts ondersoek word om dan siektevry verklaar te word, alvorens hulle na die aangewysde stalle sal beweeg.
- Slegs een teler se diere sal op 'n keer hanteer word, waarna die aflaaigeriewe weer behandel sal word met die nodige skoonmaakmiddels om enige moontlike kieme te dood.
- Na afloop van die skou sal elke teler weer versoek word om hul *pin drop* deur te gee aan die skoukomiteelid wanneer hulle aflaai om seker te maak dat diere wel teruggaan na hul plaas van herkoms.

LAMB CHAMPS
EST. 2020

## LAMB CHAMPS

Lamb Champs het homself die afgelope paar jaar gevestig as 'n belangrike skakel tussen produsent en verbruiker met die fokus op die primêre produsent. Daar was vanjaar 100 deelnemers waar 7 000 mense op Loftus aan skaapvleis kon proe.

Wenners van die vier groot byeenkomste (Kimberley, Pretoria, Parys en die Paarl) sal vir die eerste keer sake by NAMPO ALFA kom uitspook om te sien wie as nasionale wenner sal wegstap. Pick n Pay en Toyota tree as borge op.

Beoordeling sal die volgende behels:

- 'n Op-die-hoef-kompetisie van slaglammers word deur Jan de Jong, slaglambeoordelaar, beoordeel.
- 'n Karkasbeoordeling van twee van die kwalifiserende produsente se lammers deur die South African Meat Industry Company (SAMIC).
- 'n Vleiskwaliteitbeoordeling deur die Universiteit van die Vrystaat.
- Die spitbraai word deur professionele chefs en kenners beoordeel.

Huntersvlei sal die diere slag en die bestuur van karkasse hanteer, en Minki van der Westhuizen, bekende mediapersoonlikheid, sal die wenner tydens die ALFA-dinee aankondig nadat die agt beoordeelde karkasse as hoofgereg gedien het.

Maak ook 'n draai by die Lamb Champs-plaasstal en moenie die skaapkopkompetisie misloop nie!

**Minki van der Westhuizen sal die Lamb Champs-wenner tydens die ALFA-dinee aankondig.**




**Die Lamb Champs-spitbraai word deur professionele chefs en kenners beoordeel.**



**Nico en Tuané Venter by hulle nasionale manlike interraskampioen van 2024, 'n bul van 'n Simmentaler (21-6 Von-Adel Peru).**



**Tracey en John Devonport by hulle nasionale vroulike interraskampioen van 2024, 'n Limousin-koei, DL 21-156 Devlan Kelly. By hulle staan Petrus Mofokeng, die hanteerder.**



## INTERRASKAMPIOENSKAP

NAMPO ALFA bring die interraskampioene van sewe van die grootste skoue in die land bymekaar waar die room van genetika in die nasionale kampioenskappe gekroon word. Dit kan met reg as die grootste toekenning in die Suid-Afrikaanse skoubedryf gesien word.

Die nasionale vleisbees-interraskampioene word tydens die ALFA-dinee op Vrydag 17 Oktober aangekondig, waar die diere soos elke jaar aan die parade deelneem en op die maat van die "Triomfmars" (uit *Aïda* van Verdi) tussendeur die tafels tydens die geleentheid sal beweeg.

Elke teler kry die geleentheid om sy/haar stoet op die Old Mutual-pawiljoen uit te stal waar die pragdiere van naderby beskou kan word. Old Mutual Wealth, wat ook verlede jaar se borg was, het hulself vir die volgende drie jaar tot hierdie kampioenskap, wat die waardes van welvaart via stoetteling verpersoonlik, verbind.



**Karel Fourie (links) en JJ Olivier (senior finansiële adviseurs, Old Mutual) tydens vanjaar se NAMPO Oesdag waar Old Mutual leerhoede aan die senior interrasbeoordelaars oorhandig het.**

OLDMUTUAL NATIONAL INTERBREED BEEF CATTLE CHAMPIONSHIPS 2025 @NAMPO ALFA





# KOM TOETS OF DIE WIELE RÉGTIG KAN VASVAT

**Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Vir baie produsente en plaasbewoners is 'n betroubare voertuig nie net 'n gemaklike rit nie, maar 'n noodsaaklikheid. Plaaspaaie kan uitdagend wees, en met los sand, modder en ongelyke grond vereis dié paaie 'n voertuig wat nie net krag het nie, maar wat ook stabiliteit en goeie hantering in moeilike toestande bied. Tog is dit nie altyd maklik om by handelaars in die dorp of stad te ervaar hoe 'n voertuig hierdie uitdagings sal hanteer nie. By NAMPO ALFA se 4x4-baan op NAMPO Park kan jy self ervaar hoe verskillende demonstrasiemodelle dié toestande baasraak.

Volgens Bennie Zaayman, bestuurder van NAMPO Park, is verskeie fabrikate van viertrekvoertuie en bakkies beskikbaar met demonstrasiemodelle wat besoekers self kan toets. "Ons grondpad op die terrein wys jou presies hoe elke voertuig plaaspaaie en sand hanteer," sê hy. Hierdie unieke kans gee skougangers die geleentheid om nie net die spesifikasies op papier te sien nie, maar om die voertuie se prestasie en hantering met eie oë en in eie hande te ervaar. Die volgende fabrikate se voertuie sal te sien wees: BMW, Foton, US Trucks, Isuzu en Toyota.

Die NAMPO ALFA-baan het vinnig 'n gewilde bymekaarkomplek geword vir motorentoesiaste, voornemende kopers en motorhandelaars. Dit is die ideale plek vir produsente en buitelewe-entoesiaste om te sien wat elke voertuig regtig inhou – van terreinhantering tot stuurrespons en stabiliteit in uitdagende toestande.

Of jy 'n produsent is wat jou volgende plaasbakkie wil aanskaf of 'n motorentoesias wat op soek is na nuwe tegnologie, die NAMPO ALFA-baan bied die perfekte geleentheid om die voertuie eerstehands te ervaar.

Kom ervaar die pad, toets die voertuig en sien self hoekom 'n betroubare viertrekvoertuig of bakkie op die plaas nie net 'n gemak nie, maar 'n noodsaaklikheid is. ●

## VEE PRONK STEEDS...



Die Farm Skills Nasionale Kampioenskap bied aan landbouleerders die geleentheid om op nasionale vlak mee te ding.

National Farmskill Competition

### FARM SKILLS

Die eerste Farm Skills Nasionale Kampioenskap word tydens die ekspo aangebied. Die primêre doel van hierdie kampioenskap is om landbou onder die jeug in Suid-Afrika te bevorder en aan hulle die geleentheid te bied om teen mekaar te kompeteer.

Sewe provinsiale spanne met 30 lede elk gaan teen mekaar om die nasionale kroon meeding: Gauteng, Vrystaat, Wes-Kaap, KwaZulu-Natal, Noordwes, Mpumalanga en Limpopo. Die Suid-Afrikaanse Landbou-onderwysvereniging (SALOV) tree as fasiliteerder op en die wenners van die verskillende kompetisies word tydens die ALFA-dinee bekend gemaak, wat ook amptelik geopen word met 'n jeugparade waar skole met hul diere in die parade optree.

EP Nel, programvoorsitter en vakadviseur van landbou in die Vrystaat, kan met navrae gekontak word by 083 556 5947 of *epnel63@gmail.com*.

Skandeer die QR-kode vir die Farm Skills Nasionale Kampioenskap-program. ●

# VAN SKATTEJAG TOT VISVANG – aktiwiteite vir die hele gesin

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker

Van skiet en visvang tot spanuitdagings en gesinsvriendelike speletjies – die buitelug- en jagprogram bied vir elke besoeker aan NAMPO ALFA 'n opwindende avontuur. Of jy jou akkuraatheid op die skietbaan wil toets, jou spanvaardighede in die Agri Skills-kompetisie wil wys, of bloot saam met die kinders die skattejag wil aanpak, die uiteenlopende aktiwiteite sorg dat niemand ledig rondstaan nie.

## Skiet- en jagaktiwiteite

Die Hinterland-skietbaan bly 'n groot trekpleister vir besoekers wat verskillende kalibers vuurwapens in 'n streng beheerde en veilige omgewing wil uittoets. Met skietafdelings wat tot 400 m strek en beskerming soos gehoor- en oogtoerusting wat voorsien word, kry deelnemers die geleentheid om hul akkuraatheid en tegniek met gemak te toets. Lees gerus meer oor die skietprogram op bladsy 8.

**Vir entoesiaste wat wapens wil uittoets, is die skietbaan net die plek om te wees.**






**'n Jong deelnemer aan die visvang-toutrek wys sy staal by verlede jaar se NAMPO ALFA.**




## Visvang en vermaak vir jonger besoekers

'n Kompetisie wat elke jaar groot aftrek kry, is die visvang-toutrek – 'n gesellige uitdaging waar deelnemers hul visvangvernuf teen mekaar kan meet.

Vir die jongspan en die nie-so-jongspan is daar 'n daaglikse skattejag, wat hulle aanmoedig om uitstallings te verken en speels deel te word van die groter ekspo-ervaring. Groot pryse wag op diegene wat daarin slaag om die leidrade reg te volg.

## Boere wys hul staal by Agri Skills-kompetisie

Nog 'n hoogtepunt is die Agri Skills-kompetisie, waar boereverenigings en besoekers wat wil kyk of hulle sal kan boer, meeding in 'n reeks uitdagings wat praktiese boerderyvaardighede toets. Spanwerk, vernuf en boerderyervaring is die sleutel tot sukses – of jy nou 'n gesoute plaasman is of jou kennis net vir die lekker wil toets.

Wat die kompetisie ekstra spesiaal maak, is dat alle fondse wat ingesamel word aan 'n plaaslike skool geskenk word. Só wys die boeregemeenskap nie net hul staal nie, maar ook hul harte.

## Oktoberfees in Bothaville

Die plaaslike gemeenskap kry ook kans om fees te vier: Hoërskool Bothaville bied vanjaar op Vrydag 17 Oktober sy eie Oktoberfees op NAMPO Park aan. Besoekers wat 'n kaartjie vir die fees gekoop het, kry boonop gratis toegang tot NAMPO ALFA.

## 'n Ervaring vir almal

NAMPO ALFA se buitelug- en jagprogram bied iets vir elke besoeker. Hierdie unieke kombinasie van tradisie, vaardighede en interaktiewe vermaak versterk die ekspo se posisie as een van Suid-Afrika se mees diverse landbou- en leefstylfeeste. ●



# DIÉ SKIETPROGRAM IS IN DIE KOL

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker


Besoekers aan NAMPO ALFA kan uitsien na 'n reeks skietaktiwiteite en -kompetisies wat vir jonk en oud en skuts van alle vaardigheidsvlakke iets besonders gaan bied. Die vuurwapen- en skietprogram behels vier opwindende geleenthede, met groot pryse wat op die spel is.





'n Skut neem stelling in om sy vernuf te toets tydens verlede jaar se ekspo.

## Vriendskaplike skyfskietkompetisie

Skole en klubs kan meeding in die "Give it your best shot"-kompetisie. Belangstellendes moet vooraf registreer by Minette Griesel deur haar te skakel by 083 288 4330. Skuts wat geregistreer is, kry gratis toegang tot die skou. Die kompetisie sal volgens SANSSU- en ISSF-reëls plaasvind.





## *Mini airsoft* vir kinders

Die *mini airsoft*-aktiwiteit gee kinders tussen 6 en 15 jaar die kans om onder toesig en met die nodige veiligheidsmaatreëls op 'n klein baan te skiet. Geen voorafregistrasie is nodig nie en pryse kan gewen word.

Hierdie aktiwiteit verwys na *airsoft*-gewere wat afgeskaalde replikas van regte vuurwapens is. Dit sluit ook kleiner intreevlak-*airsoft*-pistole in wat minder kragtig is. Hierdie gewere skiet klein plastiekkoeëls (BB's) en word gebruik in die ontspanningsport van *airsoft*, wat gewoonlik taktiese militêre-styl-scenario's behels.

## Kleiduifskiet

Die gewilde kleiduifskiet is ook weer deel van die program. Skuts van 16 jaar en ouer is welkom en kan direk by die baan inskryf. 'n Deelnamefooi is betaalbaar.




**Pistool-snelskiet**
Enige persoon 16 jaar en ouer kan vir die snelskiet-kompetisie inskryf. Registrasie en betaling geskied by die baan, waar kaartfasiliteite beskikbaar is.

### Veiligheid eerste

Veiligheid staan sentraal tydens al die skietaktiwiteite. Alle deelnemers moet die veiligheidsriglyne streng navolg, insluitend die dra van geskikte beskermende toerusting en die hantering van vuurwapens onder toesig van gekwalifiseerde persone. Hierdie fokus op veiligheid verseker dat die ervaring nie net opwindend nie, maar ook verantwoordelik is.

### Genot vir die hele familie

NAMPO ALFA se vuurwapen- en skietprogram is ontwerp om besoekers van alle ouderdomme en vaardigheidsvlakke te betrek. Of jy nou jou eerste skoot wil afvuur of jou skietvaardighede wil opskerp, daar is volop geleenthede om betrokke te raak. Met die bykomende uitstallings en demonstrasies is daar nie net 'n leerervaring nie, maar ook 'n kans om jou passie vir skiet en jag verder te ontwikkel.

### Interaktiewe uitstallings

Benewens die skietbaanaktiwiteite, bied NAMPO ALFA 'n wye verskeidenheid vuurwapenuitstallings. Van moderne jaggewere tot historiese skiettoerusting – daar is iets vir elke entoesias. Uitstallers demonstreer nie net hul produkte nie, maar gee ook deskundige advies oor die keuse van die regte wapens vir jag, sportskiet of versameling. Hierdie interaktiewe benadering laat besoekers toe om die nuutste tegnologie en innovasies in die bedryf van naderby te ervaar.



**Die vuurwapen- en skietprogram is ontwerp vir besoekers van alle ouderdomme en vaardigheidsvlakke.**

Of jy nou vir die kompetisie, vir die lekker of sommer net vir die gesinspret daar is, NAMPO ALFA se skietaktiwiteite beloof ure se vermaak. Bring jou kinders, daag jou vriende uit of toets jou eie skietvaardighede. Kom wees deel van die aksie.

NAMPO ALFA 2025 PRODUKINLIGTING

# 'n Diens wat goud werd is

**Michaela Tobias,** bemarking, Knox Safe Custody

Knox Safe Custody bied 'n omvattende en betroubare oplossing vir die bestuur van Krugerrand-portefeuljes wat vir alle tipe beleggers aangepas is. Kliënte kan hul goud veilig berg in versekerde, afgesonderde kluise wat veiligheid en privaatheid waarborg. Die maatskappy bied die buigsaamheid om besit teen huidige markpryse te verkoop, wat vinnige en doeltreffende transaksies verseker.


Ons bied versekerde afhaal- en afleweringdienste landwyd, mededingende pryse, persoonlike diens en selfdedagvereffening. Of jy nou generasierykdom opbou of likiditeit ontsluit, Knox bied die sekuriteit, vertroue en gerief wat jy nodig het.

Benewens Krugerrande bied ons diskrete, veilige depositokaste, juweliersware- en edelmetaalevaluasies, kitslenings teen goud en silwer asook pasgemaakte berging vir waardevolle items van alle soorte.

Knox, gestig in 2009, word vertrou deur individue, familiebeleggingskantore, hoënettowaarde-kliënte, produsente en professionele persone wat die langtermynwaarde van fisiese bates verstaan.

Ondersteun deur 'n Google-gradering van 4,8 sterre, word Knox se dienste vertrou om te beskerm wat saak maak – met diskresie, presisie en blywende waarde.

*Besoek ons by NAMPO ALFA of by www.knox.co.za.*





# NOU GAAN ONS KAMP

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker




Na 'n dag by NAMPO ALFA, omring deur al die nuutste kamptoerusting en -idees, gaan jy beslis lus wees om self die kampvuur aan te steek. Daarom is dit 'n slim plan om sommer nou al jou plek te bespreek by een van die twee kampterreine wat op NAMPO Park vir besoekers beskikbaar is.

Die goeie nuus is dat dié kampeeropsies loopafstand van die ekspo af is. Dit beteken jy hoef nie elke dag heen en weer te ry nie en jy kan gemaklik oornag daar waar die aksie plaasvind. Die kampeerterreine is ruim uitgelê, met basiese geriewe en sekere opsies wat elektrisiteit insluit.

## Twee opsies vir kampeerders

Albei terreine bied staanplekke van 10 x 10 m met elektrisiteit, wat dit ideaal maak vir gesinne, vriendegroepe of uitstallers wat naby die aksie wil oorslaap. Elke staanplek laat 'n maksimum van ses persone toe, met 'n addisionele koste van R90 per ekstra persoon per nag.

Terrein A kos R550 per nag (BTW ingesluit) en bied plek vir tot twee voertuie per staanplek. Dit maak dit 'n praktiese keuse vir gesinne of groepe wat met meer as een voertuig reis. Terrein B kos R700 per nag (BTW ingesluit) en laat slegs een voertuig per staanplek toe. Alhoewel dit 'n bietjie duurder is, bied dit 'n meer georganiseerde kamp-ervaring vir kleiner groepe of enkelgesinne.

## Bespreek vroegtydig

NAMPO Park se kampeeropsies bied die ideale manier om die geleentheid ten volle te beleef. Beide terreine bied skoonmaakdienste en sekuriteit, sodat jy met gemoedsrus kan oorslaap. Boonop sal Kleinbroek Primêre Skool braaihout by albei parke beskikbaar hê, perfek vir 'n gesellige aand ná 'n vol dag. ●

*Vir besprekings, kontak Janneke Smit by 086 004 7246 of stuur 'n e-pos na janneke@grainsa.co.za.*



**Bespreek vroegtydig jou plek by een van die kampterreine om jou NAMPO ALFA-ervaring nog lekkerder te maak.**

# 'N *FEES* VAN PRODUKTE BY DIÉ UITSTALSALE

**Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker**

NAMPO ALFA bied weer eens 'n wye reeks produkte en dienste in die verskillende sale en uitstalareas. Besoekers kan onder meer die Nutri Feeds-verlenging, Hopefield-, Nutri Feeds-, en SAMPI-sale verken. Daar is nie 'n spesifieke fokus aan 'n bepaalde saal toegeken nie en elke saal bevat 'n mengsel van produkte wat strek van jag- en buiteleweprodukte tot veeprodukte, kos en leefstylitems.

## Nutri Feeds-saal: diversiteit onder een dak

In die Nutri Feeds-saal wissel die aanbod van juweliersware en mode tot plaasveiligheid en kosprodukte. Uitstallers sluit onder meer 925 Sterling Silver Jewellery, BoerSecure, Braai-Boer, Bling Gin, Hip & Happy Boutique Designs, Torch SA, Bosbees en Beesdam in.

In die Nutri Feeds-verlenging is die fokus uiteenlopend, met tegnologiese oplossings aangebied deur uitstallers soos Nemtek en Agri Solsec vir plaasveiligheid en veehantering, maar ook kos- en leefstylprodukte.

## Hopefield-saal: handwerk en leefstyl

Die Hopefield-saal bied 'n verskeidenheid van handwerk- en leefstylprodukte. Ander uitstallers soos Huntshoek Safaris, Normark, Let's Talk about Socks, Okapi en Trail-saddles, asook verskaffers van werkersklere en verskeie plaaslike produkte sal gereed staan om hul produkte te bemark.

## SAMPI-saal: veiligheid en avontuur

Die SAMPI-saal is vol interessanthede: van uitstallers soos Bison Adventure en BosBul-Tong tot Internet of Things Integration, wat slim oplossings bied vir moderne boerdery. SA Air Rifles & Accessories, Ultimate Firearms Academy en Pangolin Security Products beklemtoon die rol van veiligheid.


## Buite-uitstallings: groot name en praktiese oplossings

Die buite-areas bied 'n wye reeks produkte met die volgende uitstallers:

- Africa Implements, Imperium Engineering, Ystervark Staal en Revaro Equipment met robuuste plaas- en ingenieursoplossings
- BMW Motorrad Klerksdorp en Zone Offroad vir die motor- en 4x4-entoesiaste
- Nemtek, Livestock Counting Systems en DT Lewendehawe met veehanteringsoplossings asook gesinsvriendelike stalletjies soos Pets at Home en die ATKV-vakansieoorde

## ALFA-pitstop

By die ALFA-pitstop is daar 'n verskeidenheid eet- en drinkopsies, met verskaffers soos Bluemoon Coffee, Panini Bistro, Qualito Craft Distillery en ander.





Van handwerk, juwele en klere, tot wapens en veiligheid – jy gaan beslis iets kry wat so reg in jou kraal pas.



## 'n Skou vol keuses

Of jy nou kom vir die nuutste in landboutoerusting, stylvolle leefstylprodukte, jouself wil uitrus vir 'n jagekspedisie of kampekskursie of bloot net die heerlike kos en gasvryheid wil geniet, NAMPO ALFA se sale en uitstalareas het iets vir almal. Die produkte wat hier genoem word, is slegs 'n klein deel van die volledige aanbod.

NAMPO ALFA se uitstallings bied 'n groot verskeidenheid en gee besoekers die geleentheid om alles van landboutoerusting en buiteleweprodukte tot mode, kos en leefstylitems op een terrein te ervaar. Hierdie uiteenlopende aanbod bevestig waarom die skou jaarliks groei. ●




Skematiese voorstelling NAMPO ALFA / Schematic presentation NAMPO ALFA




SHOW
SPECIAL
R295






NAMPO
ALFA
LIVESTOCK,
HUNTING & OUTDOOR


CONES






NAMPO
ALFA




NAMPO
ALFA








FM


Husqvarna
HUSQVARNA 318iS20 BATTERY SPRAYER
Battery innovation
built for the field
Prepare for planting season with precision - the Husqvarna 318iS20 Sprayer is ready to perform. Designed for semi-professional use across diverse environments - from farmlands to urban spaces - it delivers consistent, accurate spraying with every application. Suited for pesticides, herbicides, fertilisers, foliar feeds, water, and disinfectants, the 318iS20 is a dependable partner for pre-season care.
Husqvarna
318iS20
Scan the QR code to locate your nearest dealership.
www.husqvarna.com/za
#WeAreHusqvarna